Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**SENIOR FASE**

# GRAAD 9

## NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **60**

**TYD:** **2 uur**

*9AFAL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (20 ÷ 2 = 10 punte) |
| AFDELING B: | TAAL IN KONTEKS | (30 ÷ 2 = 15 punte) |
| AFDELING C: | OPSOMMING | (10 ÷ 2 = 5 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Gebruik die nommeringstelsel wat op die vraestel gebruik is in die beantwoording van jou vrae.

6. Laat ŉ reël oop tussen die antwoorde.

7. Skryf netjies en gebruik blou of swart ink.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**TEKS A: ARTIKEL**

**VRAAG 1**

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die daaropvolgende vrae.

# SOKKER, SOKKER




1. Sokker, soms ook voetbal genoem, is ŉ spansport wat gespeel word tussen twee spanne wat elkeen bestaan uit elf spelers en word dikwels beskou as die gewildste sportsoort ter wêreld. Dit is ŉ balspel wat op ŉ reghoekige grasveld gespeel word. Die doel van die spel is om punte aan te teken, deur die bal in die teenstanders se doel te skop. Een van die uitstaande kenmerke van die spel is dat geen spelers, buiten die doelwagter, hul hande of arms mag gebruik om die bal te manipuleer nie. Die wenner van die spel is die span wat die meeste doele teen die einde van die wedstryd aangeteken het.

2. Die moderne spel het in Engeland ontwikkel met die vorming van die "Football Association", wie se reëls van 1863 die grondslag gelê het vir die manier waarop die sport vandag gespeel word. Sokker word internasionaal deur FIFA gereguleer. Die bekendste internasionale sokkerkompetisie is die FIFA Wêreldbeker en is ook die toernooi wat deur die meeste mense wêreldwyd gekyk word.

3. ŉ Wêreldbeker is ŉ internasionale byeenkoms van verskeie lande wat meeding om ŉ beker of trofee. Die wenner word vir ŉ seker periode as die wêreldkampioen gekroon. Die deelnemende lande se nasionale eer is op die spel en alles word uitgehaal om ŉ oorwinning te behaal. Dié geleenthede lok gewoonlik ŉ groot aantal toeskouers en word wêreldwyd gebeeldsend.

4. Die FIFA sokkerwêreldbeker-toernooi is ŉ sokker-wệreldkampioenskap wat elke vier jaar tussen internasionale mansspanne (lede van FIFA) uitgespeel word. Die kampioenskap is nog elke vier jaar toegeken sedert dit vir die eerste keer in 1930 gespeel is, met die uitsondering van 1942 en 1946, toe dit weens die Tweede Wêreldoorlog nie kon plaasvind nie.

5. Die huidige formaat van die kampioenskap behels 32 spanne wat meeding om die titel by stadions in die gasheerland(e) oor ŉ periode van ongeveer een maand. Hierdie fase word gewoonlik die Wêreldbeker finale genoem. Die kwalifiserende fase vind oor ŉ periode van drie jaar voor die wêreldbeker plaas, waartydens besluit word watter spanne kwalifiseer. Die gasheerland kry ŉ outomatiese plasing.

6. Oor die negentien kampioenskappe wat al aangebied is, het agt lande al die titel ingepalm. Brasilië het al vyf keer gewen en is ook die enigste span wat tot dusver in al die kampioenskappe meegeding het. Italië het al vier keer gewen en Duitsland drie keer. Die ander wenners sluit Uruguay en Argentinië (met twee titels elk) en Engeland, Frankryk en Spanje (met een elk) in.

7. Die volgende wêreldbeker sal vanjaar in Brasilië plaasvind. Dit is ŉ ideale geleentheid om die land van sokker en samba te ontdek.

[Artikel aangepas en geneem uit *Wikipedia,* 10 Februarie 2014]
(Aantal woorde: 437)

**VRAE:**

1.1 Watter woord in paragraaf 1 dui aan dat die sokker nie op individue fokus nie? (1)

1.2 Wat volgens paragraaf 1 is ŉ uitsonderlike eienskap waarvolgens sokker gespeel word? (1)

1.3 Sokker in Suid-Afrika word ook soos ander lande deur FIFA gereguleer.

1.3.1 Is die stelling ŉ FEIT of ŉ MENING? (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1 deur EEN woord uit paragraaf 2 aan te haal. (1)

1.4 Hoe weet ons dat dié sportsoort deur mense van reg oor die wêreld op TV gekyk word? Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE woorde aan as antwoord. (1)

1.5 Skryf slegs die korrekte letter langs die gepaste nommer.
Kies die stelling wat NIE pas NIE.

A Die sokkerwêreldbeker-toernooi het weer na die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind.
B Die sokkerwêreldbeker-toernooi is sedert dit begin het net twee keer nie gehou nie.
C Die sokkerwêreldbeker-toernooi kon nie gehou word nie weens die Tweede Wêreldoorlog.
D Die sokkerwêreldbeker-toernooi word jaarliks gehou. (1)

1.6 Wat is ŉ "gasheerland"? (1)

1.7 Sê baie kortliks wat dit beteken as ons sê die gasheerland kry ŉ outomatiese plasing. (paragraaf 5) (1)

1.8 Kan Brasilië as die beste sokkerspan ter wêreld beskou word? Haal ŉ sinsdeel uit die leesstuk aan om jou antwoord te staaf. (1)

1.9 Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer.

In paragraaf 7 word na Brasilië as die land van sokker en samba verwys.


Samba verwys na ....

A ŉ dans
B ŉ konsert
C musiek
D ŉ liedjie (1)

Kopiereg voorbehou 

## TEKS B: INTERNETGRAFIKA

Bestudeer die onderstaande internetgrafika van Suid-Afrika se prestasies sedert 1994 en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.




Van links: Charlize Theron (Foto: Antoine De Ras), Presley Chweneyagae en Nelson Mandela (Foto: Khaya Ngwenya)
[http://www.elsoletjoubert.co.za/info-graphics/23 Julie 2013]

1.10 Watter woord in die artikel sê vir ons dat Nelson Mandela, nadat hy in sy amp as president aangestel is, geleentheid gekry het om met die land se mense te praat? (1)

1.11 Noem die eerste groot sportkompetisie waaraan Suid-Afrika sedert 1994 deelgeneem het. (1)

1.12 Die wetenskapfliek *District 9* het ŉ Oscar gekry.

1.12.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.12.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.13 In watter provinsies in Suid-Afrika word die volgende aangetref?

1.13.1 Tafelberg (8) (1)

1.13.2 Die Gautrein (9) (1)

1.14 Waaruit kan jy aflei dat die persone in die laaste foto almal gelukkig is? (1)

1.15 Wie was die fotograaf wat die foto van Nelson Mandela geneem het? (1)

1.16 Hoe lank is dit nou al dat Suid-Afrika ŉ demokratiese regering is? (1)

1.17 Kies enige persoon uit die artikel en sê waarom die persoon jou rolmodel is. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

### VRAAG 2: WOORDSTRUKTURE

Die taalvrae wat volg is op die koerantberig hieronder gebaseer.



# Shani Smit: Vyfkampatleet Blink uit.

Shani Smit: Vyfkampatleet Blink uit, word **2.1** (**figuurlik / letterlik** ) gebruik. Sy is **2.2 (15)** jaar oud en ŉ **2.3 (gr. 10-leerder)** van die Hoërskool Framesby in Port Elizabeth. Sy het die nasionale prys vir die **2.4 (beter / beste)** moderne vyfkampatleet in die onder 17-afdeling ontvang.

Sy is ŉ trotse **2.5 (wen)** en is **2.6 (baie vinnig**) op die sportveld. Sy glo dat fiksheid **2.7 (elke dag)** oefening vereis. Hokkie en krieket is ook sportsoorte **2.8 (wat + in)** sy goed presteer.

Shani leef gesond; daarom bly sy **2.9 (fiets, viets)** en gesond. Port Elizabeth is een van die **2.10 (stad)** waar die leerlinge goed doen in sport. Daar is altyd ŉ **2.11** _____ mense by die wedstryde. Sy swem soos ŉ **2.12**_____ in die water.

[Verwerk en aangepas uit *Jip*, 3 Oktober 2013]

Kopiereg voorbehou 

**VRAE:**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. | (1) |
| 2.2 | Skryf Shani se OUDERDOM uit in WOORDE. | (1) |
| 2.3 | Skryf die AFKORTING volledig uit. | (1) |
| 2.4 | Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. | (1) |
| 2.5 | Gee die REGTE VORM van die woord tussen hakies. | (1) |
| 2.6 | Gee die INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies. | (1) |
| 2.7 | Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies. | (1) |
| 2.8 | Gee die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. | (1) |
| 2.9 | Kies die korrekte HOMOFOON tussen hakies. | (1) |
| 2.10 | Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. | (1) |
| 2.11 | Voltooi die sin deur die ontbrekende VERSAMELNAAM neer te skryf. | (1) |
| 2.12 | Voltooi die sin deur die korrekte VERGELYKING neer te skryf. | (1)<br>**[12]** |

**VRAAG 3: SINSTRUKTURE**

Moderne vyfkamp is ŉ sportsoort wat vyf items insluit naamlik:
*pistoolskiet, 200 m vryslag, skerm, perdespring en ŉ 3 km veldloop*.



[Uit: http://www.google.com]

3.1 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Ek wil baie graag na ŉ modern vyfkampwedstryd gaan kyk. (1)

3.2 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Jy moet hard werk. (1)

3.3 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Shani sê dat haar afrigter baie streng is. (2)

3.4 Skryf die volgende sin oor en begin soos aangedui.

Die atlete moet geduldiger wees.
Die atlete behoort... (1)

3.5 Verbind die sinne deur die VOEGWOORD tussen hakies te gebruik.

Shani is baie opgewonde. Sy is die top-nasionale atleet in modern vyfkamp. (omdat) (1)

3.6 Verander die vraagsin na 'n STELSIN.

Is ek 'n wenner? (1)

3.7 Kies die antwoord wat die volgende IDIOOM korrek beantwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.7) en die antwoord (A–D) neer.

**Oos Wes Tuis Bes**




Dit beteken dat ...

A daar geen beter plek as Shani se eie huis is nie.
B daar nie vir Shani baie plekke en huise is nie.
C daar baie beter plekke as Shani se huis is.
D daar 'n ander plek en huis vir Shani is. (1)

3.8 Skryf die onderstaande sin in die LYDENDE VORM.

Shani het verlede jaar die 3 km veldloop gewen. (2)
**[10]**

## VRAAG 4

Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.




**VRAE:**

4.1 Sou jy sê dat die jongmense op die prent die sport letterlik of figuurlik opneem? Motiveer jou antwoord. (2)

4.2 Deur na die speler aan die regterkant te kyk, noem TWEE dinge wat aandui dat die speler bang of vol vrees is. (2)

4.3 Kyk na die speler aan die linkerkant se gesigsuitdrukking. Hoe sou jy sê, voel hy? (1)

4.4 Waarom is die spotprent komies? (1)

4.5 Gee ŉ SINOMIEM vir populêr. (1)

4.6 Gee die TEENOORGESTELDE van jongmense. (1)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: OPSOMMING

### VRAAG 5

- Gee SEWE wenke wat van jou ŉ goeie redenaar kan maak.
- Skryf jou SEWE wenke puntsgewys onder mekaar neer.
- Jy moet EEN sin oor elke wenk skryf.
- Laat ŉ reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming moet ongeveer **50 tot 60** woorde wees.
- Dui die aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 60 woorde skryf.

**TOP WENKE HOE OM SUKSESVOL TE WEES AS JY AAN DIE AKTV REDENAARSKOMPETISIE WIL DEELNEEM.**

Kry jy ŉ beklemming om die hart as jy dink jy moet ŉ redenaarstoespraak lewer? Hier is ŉ paar wenke om jou te help.

Maak baie seker dat jou onderwerp beredeneerbaar is. Redenaars is per definisie ŉ toespraak waar jy mense oortuig van iets. As jou onderwerp verkeerd geformuleer is en jou onderwerp nie beredeneerbaar is nie, het jy klaar die punt gemis.

Om net EEN of TWEE keer per jaar aan ŉ kompetisie deel te neem en dit te gebruik as jou oefening vir jou onvoorbereide toespraak, is NIE genoeg nie. Sprekers wat ver in die kompetisies wil vorder, moet ten minste elke dag ŉ onvoorbereide toespraak oefen.

Onthou jy lewer jou toespraak voor mense. So praat met die gehoor soos wat jy met jou familie of vriende sou praat indien jy hulle van ŉ standpunt probeer oortuig.

Maak seker dat jou toespraak ŉ baie goeie struktuur het. Dis baie moeilik vir die gehoor om te luister na ŉ spreker en dan te verstaan wat hy/sy probeer sê en waarvan hy/sy jou wil oortuig, as jou toespraak ongestruktureerd is.

Jy kan nie effektief met die gehoor kommunikeer as jy nie oogkontak maak nie. Baie leerders word geleer om na die gehoor se voorkoppe te kyk. Meer ervare sprekers maak egter direkte oogkontak.

Die gehoor voel ŉ spreker se spanning aan, so oefen om gemaklik te kan wees voor ŉ gehoor. Dit is nie die einde van die wêreld as jy ŉ fout maak nie.

Dit neem vyf minute om mense se aandag te trek; daarom moet jy ŉ doeltreffende inleiding hê en die einde van jou toespraak is net so belangrik.

As jy dié wenke volg, kan jy verseker wees dat jou toespraak suksesvol sal wees.

[Verwerk en aangepas uit: http://www.redenaars.co.za]
Aantal woorde: 271

**TOTAAL AFDELING C: 10**
**GROOTTOTAAL: 60**
**VERWERKTE TOTAAL (60 ÷ 2): 30**